higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 4

(8011004)

15 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

220Q1N2415

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
STAATSBESTUUR
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

bevoegdheid; binnelandse; stabiliteit; Suid-Afrikaanse Polisiediens; beslissing; vestig; reg; gevangenes; Nasionale Vervolgingsgesag; appèl; beskerm; misdadigheid; stabiliteit; buitelandse

1.1 Die (a) ... en die (b) ... werk saam ná ’n misdaadondersoek om die misdadigers suksesvol te vervolg.

1.2 Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) het al die nodige bevoegdhede om menseregte te (a) ..., te bevorder en te (b) ...

1.3 Die Staatsveiligheidsagentskap word verdeel in die (a) ... en (b) ... vertakkings.

1.4 Indien die polisie weet waar vrygelate (a) ... hulle bevind, kan hulle maatreëls instel om te voorkom dat hulle weer in (b) ... verval.

1.5 ’n Buitelander wat gedeporteer word, moet skriftelik op die voorgeskrewe vorm in kennis gestel word van die (a) ... om te deporteer, en het die reg om (b) ... aan te teken.

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die regsmandaat en kernbesigheid van die Departement van Omgewing, Bosbou en Visserye is om Suid-Afrika se natuurlike hulpbronne te bestuur en te beskerm.

2.2 Toerisme is een van die grootste sektore in Suid-Afrika en groei steeds.

2.3 Die Afdeling Sigbare Polisiëring bewaak staatswonings.

2.4 Huisarres verwys na wanneer ’n polisiebeampte ’n arrestasie in ’n residensiële woning uitvoer.

2.5 Deportasie behels dat iemand regtens aansoek doen om in ’n land te woon en ’n asielsoeker word.

2.6 Die Kommissie vir Geslagsgelykheid moet beskerming, ontwikkeling en bereiking van geslagsgelykheid bevorder.

Kopiereg voorbehou

2.7 Die Burgerlike Polisiesekretariaat funksioneer onafhanklik van die res van die SAPD.

2.8 Binnelandse militêre intelligensie word deur die binnelandse tak van die Intelligensiedienste ingesamel.

2.9 SAPD en Doeane werk saam om bates terug te eis.

2.10 Daar word van alle lede van die SAPD verwag om die SAPD-gedragskode te onderteken en hulself daartoe te verbind.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die nommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Toevallig	A	'n belofte om die waarheid te praat
3.2	Voorkoms	B	optrede in reaksie op 'n ander persoon of gebeurtenis
3.3	Eed	C	verwant, maar minder belangrik
3.4	Verbeur	D	korporasie waarby die staat betrokke is
3.5	Parool	E	iets wat algemeen is of dikwels plaasvind
3.6	Plegtige verklaring	F	om in 'n gevangenis opgesluit te wees
3.7	Gevangenskap	G	om regtens iets as 'n straf of boete te konfiskeer
3.8	Reaktief	H	statutêre raad
3.9	WNNR ('CSIR')	I	volgens die wet is dit 'n formele belofte om die waarheid te praat
3.10	Eskom	J	die vrylating van 'n gevangene voordat hul vonnis verstryk
		K	om 'n posisie op grond van oorerwing te beklee
		L	posisie en pligte van minister van die staat

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Noem Interpol se DRIE misdaadprogramme. (3)

4.2 Wat is die DRIE kernrolle of -take van die Verkiesingskommissie? (3)

4.3 Noem EEN faktor wat by die pleging van 'n misdaad teenwoordig moet wees. (1)

4.4 Noem die skeiding van magte in die regering. (3)
[10]

VRAAG 5

5.1 Wie is die medevoorsitters vir die Kluster Geregtigheid, Misdaadvoorkoming- en Sekuriteit? (2)

5.2 Waartoe het die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) homself sedert sy vestiging verbind? (4)

5.3 Lys enige VIER van die ses afdelings in die SAPD-hoofkwartier. (4)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 6

Beoordeel die volgende infografiek en inligting noukeurig en beantwoord die vrae.

HET DIE ONAFHANKLIKE POLISIEONDERSOEKDIREKTORAAT MISLUK IN SY TAAK OM DIE POLISIE AANSPREEKLIK TE HOU?

[Vertaal uit: Eyewitness News – Amy Fraser – 10 April 2024) Aanlyn beskikbaar by: https://www.ewn.co.za]

Die Onafhanklike Polisieondersoekdirektoraat (OPOD) het 'n styging aangemeld in die aantal verdagte misdadigers wat doodgemaak word, veral in Gauteng, die Oos-Kaap, KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap. Dit volg op die noodlottige skietery in afsonderlike voorvalle deur die polisie verlede week in Mpumalanga en KwaZulu-Natal van 14 individue, vermoedelik verdagtes. OPOD speel 'n deurslaggewende rol in die strafregsplegingstelsel en verseker deeglike ondersoeke na polisieoptrede. Dié liggaam moet onafhanklike oorsig oor die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die Munisipale Polisiediens (MPD) verseker en aantygings van wangedrag teen hulle ondersoek.

Weens hul beperkte hulpbronne en vermoë bevraagteken Manyathela die doeltreffendheid van OPOD om polisie aanspreeklik te hou, en wonder of hulle in hul taak misluk het. Keefelakae voer aan dat die voorkoms van verdagte misdadigers wat doodgemaak word, ooreenstem met die styging in die land se misdaadkoers. Hy merk op dat baie van hierdie voorvalle rooftogte behels, sowel residensieel as kommersieel, asook kapings. Dikwels wanneer polisie op sulke situasies reageer, is misdadigers gewapen, wat tot skietgevegte lei. Keefelakae noem dat hulle, sodra die polisie hulle inlig, die saak ondersoek om sy oorsprong vas te stel. Hy gee die versekering dat, indien ondersoeke polisiewangedrag blootlê, onmiddellike inhegtenisnemings sal volg.

Hy verduidelik verder dat die saak na die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) verwys sal word sodra hul bevindings afgehandel is. Op grond van hul ondersoek sit Keefelakae drie tipes aanbevelings uiteen:

- Positiewe aanbeveling: Dui nakoming van vereistes en afwesigheid van misdrywe deur polisielede
- Negatiewe aanbeveling: Tekens van oortreding van voorgeskrewe regulasies deur die lede, soos deur die ondersoek blootgelê
- Beleidsaanbeveling: Stel voor dat beleide hersien word indien leemtes tydens die ondersoek geïdentifiseer word

'Die misdaadtendense en -patrone dui daarop dat — in gevalle waar die polisie aan die verkeerde kant van die reg is — die sukseskoers van OPOD baie hoog is.'
- Thuso Keefelakae, Direkteur van Ondersoeke, Onafhanklike Polisieondersoekdirektoraat

6.1 Val die ondersoek na noodlottige skietvoorvalle deur polisie binne die jurisdiksie van OPOD? Staaf jou antwoord. (2)

6.2 Wat is die funksie van OPOD? (1)

6.3 Watter VIER sake val buite die jurisdiksie van OPOD? (4)

6.4 Wie mag klagtes by OPOD indien? (2)

6.5 Hoe het OPOD voor 2012 bekend gestaan? (1)

6.6 Watter ander TWEE kerninstellings is aangestel om die doeltreffendheid van polisiëring te verseker? (2)

6.7 Bespreek die verpligting van die polisie om met OPOD saam te werk. (3)
[15]

VRAAG 7

Lees die volgende scenario noukeurig en beantwoord die vrae.

7.1 Bestudeer die strokiesprent hier onder en beantwoord die vrae.



Die regering glo dat die vorige SAP-mag, wat gekenmerk is deur onversetlike taktieke en verontagsaming van menseregte, tot openbare wantroue in die polisie gelei het.

7.1.1 Watter regeringsinisiatief of -vennootskap is in werking gestel om die SAPD te steun in misdaadbestryding en die vertroue tussen wetstoepassing en die gemeenskap te herstel? (1)

7.1.2 Gee DRIE doelwitte van die vennootskap soos in VRAAG 7.1.1 geïdentifiseer. (3)

7.2 Septembermaand staan bekend as Staatsdiensmaand in Suid-Afrika, 'n belangrike geleentheid op die Departement van Staatsdiens en Administrasie se jaarlikse kalender. Staatsdiensmaand dien as 'n porboodskap ('prompt') om te besin oor die essensie van gemeenskapsdiens en die staat se invloed te evalueer, veral op die gebied van dienslewering.

In die kollig is die Batho Pele-beginsels, wat ontwerp is om dienslewering in die openbare sektor te transformeer.

7.2.1 Watter slagspreuk kan Batho Pele opsom? (1)

7.2.2 Is hierdie beginsels in gelyke mate op alle afdelings in die Staatsdiens en Administrasie van toepassing? Staaf jou antwoord. (2)

7.2.3 Bespreek kortliks die Batho Pele-beginsel om inligting te verskaf. (3)

7.3 Jou vriend, 'n transgender vrou, het jou onlangs vertel van 'n ontstellende ervaring by 'n staatskliniek waar sy gesondheidsorg geweier is op grond van haar gender. Ondanks die feit dat sy behandeling nodig gehad het, is sy ingelig dat sy, weens haar geslag, nie kwalifiseer om mediese aandag by die inrigting te ontvang nie. Sy onthou dat sy mishandel gevoel het en glo dat toegang tot gesondheidsorg 'n fundamentele mensereg is.

7.3.1 Watter primêre agentskap, soos deur die Grondwet omskryf, is die geskikste om hierdie saak te ondersoek? Staaf jou antwoord. (2)

7.3.2 Kan jy die klagte namens jou vriend aanhangig maak? Staaf jou antwoord. (1)

7.3.3 Die aanstelling van enige persone in hierdie organisasie vind op grond van nasionale wetgewing plaas. Wat moet die samestelling van hierdie agentskap wees? (2)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 8

Die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking (DIRCO), in samewerking met die Suid-Afrikaanse Instituut van Internasionale Sake (SAIIA) en die Universiteit van Kaapstad (UK), bied 'n simposium aan oor Suid-Afrika se buitelandse beleid, wat daarop gerig is om openbare diplomasiepogings voort te sit om breë sektore van die samelewing te betrek sodat hulle begrip vir ons buitelandse beleid sal kry.

Die Adjunkminister van Internasionale Betrekkinge en Samewerking sal na verwagting as hoofspreker by die simposium optree.

Datum: 30 April 2024
Tyd: 10:00
Lokaal: UK Gebou B
RSVP: 28 Februarie 2024

international relations & cooperation
Department:
International Relations and Cooperation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Jy is onlangs aangestel as die uitvoerende assistent en kommunikasiebeampte vir die Adjunkminister. As deel van sy hoofrede het hy jou versoek om antwoorde voor te berei op moontlike vrae wat by die simposium oor DIRCO gestel kan word.

Skryf aantekeninge vir die minister oor die volgende vrae:

8.1	Wat is DIRCO se missie?	(2)
8.2	Watter visie streef DIRCO na?	(1)
8.3	Wat is DIRCO se NEGE strategiese prioriteite?	(9)
8.4	Gee AGT voorbeelde van dienste wat in die buiteland deur DIRCO gelewer word.	(8)
		[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou